



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

REKENAARTOEPASSINGSTECHNOLOGIE V2

PUNTE: 150

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bevat 'n AFDELING A en 'n AFDELING B.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde volgens die nommerstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

Verskeie opsies word beskikbaar gestel as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die mees korrekte antwoord en skryf NET die letter (A – D) neer langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.11 E.

1.1 Watter EEN van die volgende is NIE 'n koordlose konneksie nie?

- A Firewire
 - B Bluetooth
 - C WiFi
 - D Infrarooi
- (1)

1.2 Watter EEN van die volgende is NIE 'n stoorapparaat nie?

- A Hardeskyf
 - B Geheuekaart
 - C SVE
 - D Vlugskyf
- (1)

1.3 Watter EEN van die volgende word NIE direk verbind met epos nie?

- A Bcc
 - B Adresboek
 - C Possamesmelting
 - D Aanhegsel
- (1)

1.4 'n Webtuiste se adres staan ook bekend as watter EEN van die volgende?

- A http
 - B www
 - C html
 - D URL
- (1)

1.5 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voorbeeld van 'n bedryfstelsel nie?

- A Android
 - B Pastel
 - C Linux
 - D Palm OS
- (1)

1.6 'n Lêeruitbreiding wat gebruik word om 'n lêer aan te dui waarvan die inhoud nie verander kan word nie.

- A PDF
 - B EXE
 - C ZIP
 - D BAT
- (1)

1.7 'n Kortpad om 'n webtuiste te verfris:

- A F1
- B F5
- C F4
- D F8

(1)

1.8 Watter EEN van die volgende behoort NIE logies by die ander nie?

- A Stipper
- B Dataprojektor
- C Stilus
- D Luidsprekers

(1)

1.9 Watter komponent van 'n databasis is spesiaal ontwerp vir data wat gedruk moet word?

- A Tabel
- B Navraag
- C Vorm
- D Verslag

(1)

1.10 Watter EEN van die volgende word NIE direk verbind met sigblaaie nie?

- A Sel
- B Toevoermasker
- C Werkblad
- D Absolute selverwysing

(1)

[10]

VRAAG 2

Kies 'n term/konsep vanuit KOLOM B wat die beste by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A – O) langs die vraagnommer neer in jou ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld: 2.11 P

	KOLOM A	KOLOM B	
2.1	'n Lêer-formaat wat met klank verbind word	A	USB
2.2	'n Battery-aangedrewe, draagbare leestoestel met 'n skerm wat nie lig reflekteer nie.	B	Defragmentasie
2.3	Klein teksleër wat deur 'n webtuiste op jou rekenaar geskep word	C	Klembord
2.4	'n Interaktiewe dialoog wat jou help om 'n taak te voltooi deur vrae te vra.	D	Wizards
2.5	'n Poort wat ' <i>plug-and-play</i> ' is waaraan meeste moderne drukkers gekoppel word.	E	BIOS
2.6	'n Reeks strepies wat 'n unieke nommer identifiseer.	F	Wagwoord
2.7	'n Tipe koordlose konneksie	G	MP3
2.8	'n Geheime kombinasie van karakters verbind tot 'n gebruikersnaam.	H	Bluetooth
2.9	Proses van hardeware toets wanneer die stelsel aangeskakel word.	I	POST
2.10	Tydlike stoorplek vir inligting wat jy in 'n ander program wil plak.	J	Sekondêre
		K	Cookie
		L	FAQ
		M	e-boekleser
		N	Strepieskode
		O	IDV

[10]**TOTAAL AFDELING A: 20**

AFDELING B

Lees die volgende scenario sorgvuldig deur omdat die vrae wat daarop volg daarop gebaseer is.

SCENARIO

Jou buurman, Richie, begin sy eie reisagentskap. Hy wil graag al die administrasie van die agentskap elektronies op rekenaars doen. Hy het gevra dat jy hom help met enige tegniese raad. Hy het alreeds vyf rekenaars gekoop en in die kantore opgestel. Die rekenaars is ook alreeds gekoppel aan 'n netwerk.

Hy wil graag hê dat jy die administrasie op die rekenaars seepglad laat verloop deur hom te wys hoe die rekenaars, netwerk en internet werk. Jou rekenaar-ervaring sal baie belangrik wees om die besigheid suksesvol van die grond af te kry.

VRAAG 3

Richie wil graag 'n skootrekenaar vir homself koop. Help hom om sin te maak van die volgende spesifikasies wat hy vanaf 'n IT tegnikus gekry het:

SKOOTREKENAAR

- Intel dual core i5 3.1Ghz
- 4 GB RAM
- 640GB Hardeskyf
- Dubbellaag DVD skrywer
- Windows 7 Home Premium 64 bit
- 15.6" LCD-monitor
- 8-in-1 geheuekaartleser
- Geïntegreerde WLAN en grafika
- 1 jaar terrein waarborg

- 3.1 Richie reis gereeld en wil dus 'n skootrekenaar koop om te gebruik terwyl hy weg is van die kantoor af.
Noem TWEE redes hoekom 'n skootrekenaar 'n beter opsie as 'n gewone lessenaarrekenaar vir hom sou wees. (2)
- 3.2 Richie moet ook nadele van 'n skootrekenaar in gedagte hou.
Lys TWEE moontlike nadele verbonde aan die koop en gebruik van 'n skootrekenaar. (2)
- 3.3 Die skootrekenaar in die advertensie is gelys as 'n "dual core" SVE.
Verduidelik die term "dual core" SVE. (2)
- 3.4 Verduidelik waarvoor die 15.6" spesifikasie in die advertensie staan en verduidelik aan Richie hoe hy dit kan verifieer. (2)
- 3.5 Die rekenaar het Microsoft Windows as 'n bedryfstelsel. Wat is die grootste verskil tussen 'n bedryfstelsel soos Microsoft Windows en 'n Linux-bedryfstelsel soos Ubuntu? (1)

- 3.6 Richie moet 'n nuwe inkspruitdrukker koop. Verduidelik hoe hy elk van die volgende op die drukker sou bepaal:
- 3.6.1 Die spoed van die drukker (1)
 - 3.6.2 Die kwaliteit van die drukstuk (1)
- 3.7 Richie sou graag wil gebruik maak van hervulde inkhouders op die drukker.
- 3.7.1 Noem TWEE moontlike nadele verbonde aan die gebruik van hervulde inkhouders om plakkate te druk vir die besigheid. (2)
 - 3.7.2 Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van hervulde inkhouders. (2)
- 3.8 Richie is baie opgewonde om te sien dat die skootrekenaar 'n *geïntegreerde grafika kaart* in die spesifikasies het.
- Noem EEN voordeel daarvan om dit in die skootrekenaar te hê. (1)
- 3.9 Die skootrekenaar bevat 'n *8-in-1 geheuekaartleser*.
- Wat is die doel van 'n geheuekaartleser? (1)
- 3.10 Richie het 'n paar probleme met een van die rekenaars. Dit werk heelwat stadiger as gewoonlik.
- 3.10.1 'n Vriend het voorgestel dat Richie die spoed kan verbeter deur die rekenaar daagliks te *defragmenteer* om meer hardeskyfspasie oop te maak.
- Lewe kritiese kommentaar rakende hierdie advies deur defragmentasie te definieer. (3)
- 3.10.2 Sou dit nodig wees dat hy sy CD's en DVD's defragmenteer? Motiveer jou antwoord. (2)
 - 3.10.3 Die hardeskyf op sy rekenaar het begin vol raak.
- Noem DRIE maniere hoe Richie hardeskyf spasie kan oopmaak. (3)
- 3.11 Richie wil graag sy slimfoon gebruik vir meer as net gewone oproepe.
- 3.11.1 Noem TWEE voordele verbonde aan die stuur van data soos foto's met Bluetooth in plaas van infrarooi. (2)
 - 3.11.2 Noem TWEE eienskappe wat gewoonlik beskikbaar is op 'n slimfoon. (2)
 - 3.11.3 Noem 'n voorbeeld van 'n bedryfstelsel wat gebruik word op 'n slimfoon. (1)
 - 3.11.4 'n Slimfoon is 'n kombinasie van watter twee toestelle? (2)
- 3.12 Jy het gevra dat Richie ontslae raak van al sy '*e-scrap*'.
- Wat beteken die term '*e-scrap*' of e-gemors? (2)



VRAAG 4

- 4.1 Die skootrekenaar wat Richie wil koop het 'n geïntegreerde WLAN.
- 4.1.1 Wat is die verskil tussen 'n LAN en 'n WLAN? (1)
- 4.1.2 Noem EEN voordeel van 'n WLAN. (1)
- 4.1.3 Wat is die voordeel daarvan dat die toestel integreer is? (1)
- 4.2 Richie het al die rekenaars gekonnekteer aan 'n netwerk.
Noem TWEE voordele verbonde aan 'n netwerk in 'n kantoor. (2)
- 4.3 Siende dat al die rekenaars aan die netwerk gekoppel is, is Richie baie bekommerd oor virusse wat oor die rekenaars versprei.
- 4.3.1 Verduidelik wat 'n rekenaar-virus is. (2)
- 4.3.2 Noem TWEE maniere hoe 'n virus die netwerk kan besmet. (2)
- 4.3.3 Verduidelik aan Richie wat die term *opdateer* en *virusdefiniesies* beteken deur te verwys na anti-virus sagteware. (2)
- 4.4 Richie het in 'n rekenaartydskrif 'n artikel gelees rakende rekenaarmisdaad. Die artikel handel spesifiek oor *identiteitsdiefstal* en *datadiefstal*.
- 4.4.1 Verduidelik die verskil tussen *identiteitsdiefstal* en *datadiefstal*. (2)
- 4.4.2 Verduidelik kortliks EEN manier elk hoe Richie kan seker maak dat hierdie vorme van rekenaarmisdaad hom nie affekteer nie. (2)
- 4.5 Richie wil graag prentjies vanaf die internet gebruik in sy strooibiljette. Jy verduidelik aan hom dat dit kopieregte sal verbreek.
- 4.5.1 Verduidelik wat die verskil is tussen *plagiaat* en *verbreking van kopieregte*. (2)
- 4.5.2 Noem EEN voordeel vir die eienaar van materiaal met 'n kopiereg. (1)
- 4.5.3 Wat sal Richie moet doen om prentjies vanaf die internet te gebruik in sy strooibiljette? (2)
- 4.6 Een van Richie se vriende het hom gewaarsku oor *RSI* omdat Richie soveel tyd voor die rekenaar spandeer.
- 4.6.1 Wat is *RSI*? (Moet NIE net die afkorting uitskryf nie!) (2)
- 4.6.2 Beskryf TWEE maniere hoe hy *RSI* sou kon voorkom. (2)

VRAAG 5

- 5.1 Jy stel voor dat Richie al sy banksake oor die internet behartig.
- 5.1.1 Noem TWEE voordele verbonde aan internetbankdienste. (2)
- 5.1.2 Lys TWEE maniere hoe die bank 'n kliënt se besonderhede sou beskerm terwyl aanlyn-banksake behartig word. (2)
- 5.2 Richie het onlangs 'n artikel oor die gevare van *phishing* gelees.
- 5.2.1 Verduidelik wat met die term *phishing* bedoel word. (2)
- 5.2.2 Beskryf TWEE maniere hoe jy seker kan maak dat jy nie 'n slagoffer van *phishing* word nie. (2)
- 5.3 Richie moet kort belangrike boodskappe na sy kliënte stuur op kort kennisgewing.
- Noem TWEE maniere hoe Richie dit kan doen deur gebruik te maak van moderne kommunikasie-tegnologie. (2)
- 5.4 Richie het die volgende e-pos ontvang:



- 5.4.1 Identifiseer TWEE netiket-riglyne wat ignoreer is. (2)
- 5.4.2 Verduidelik die verskil tussen 'n adres in die Cc-veld en as die adres sou verskuif word na die Bcc-veld. (2)
- 5.5 Wat sou die volgende ikone in 'n e-pos program aandui?
- 5.5.1  (1)
- 5.5.2  (1)
- 5.6 Richie wil graag aan die internet gekoppel wees terwyl hy deur die land reis. Jy stel voor dat hy 'n 3G-konneksie gebruik vir hierdie doel.
- 5.6.1 Wat is die verskil tussen 3G en Wi-Fi? (2)
- 5.6.2 Noem TWEE nadele verbonde aan die gebruik van 3G. (2)

- 5.7 Motiveer die rede vir die gebruik van 'n *brandmuur* deur na die funksie daarvan te verwys. (2)
- 5.8 Gee TWEE moontlike redes waarom 'n brandmuur 'n epos aanhegsel sou weier. (2)
- 5.9 Jy stel voor dat Richie sy aanhegsels na PDF-formaat verander voor hy dit per epos stuur. (2)
- Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van PDF vir aanhegsels. (2)

[26]**VRAAG 6**

- 6.1 Richard moet belê in nuwe sagteware vir die rekenaars. Een opsie is om sagteware te leen vanaf sy vriend en dit op sy rekenaars te installeer.
- 6.1.1 Jy verduidelik aan hom dat dit onwettig is. Watter tipe rekenaarmisdaad is hierdie? (1)
- 6.1.2 Jy stel voor dat hy eerder oopbron-sagteware gebruik.
- Noem TWEE eienskappe wat oopbron-sagteware sou onderskei vanaf normale "proprietary"-sagteware. (2)
- 6.1.3 Noem TWEE tipes lisensie-ooreenkomste wat Richie sou kon gebruik in sy besigheid en verduidelik die implikasie van elkeen. (4)
- 6.2 Richie benodig 'n kantoorpakket wat op die rekenaars installeer moet word.
- 6.2.1 Wat beteken die term kantoorpakket (*office suite*)? (2)
- 6.2.2 Noem TWEE voordele verbonde aan die installeer van 'n kantoorpakket in plaas van aparte programme. (2)
- 6.3 Lys TWEE redes hoekom dit moeilik is om meeste rekenaarmisdaad op te spoor en te voorkom. (2)
- 6.4 Richie het 'n handleiding op papier wat hy graag as 'n dokument op sy rekenaar wou gebruik. Jy verduidelik aan hom dat hy OKH-sagteware kon gebruik.
- Verduidelik aan hom wat OKH-sagteware is deur na die funksie te verwys. (2)
- 6.5 Richie het sagteware gesien op die internet wat hy wil aflaai en gebruik. Voordat hy dit doen wil hy eers graag weet wat elk van die volgende beteken:
- 6.5.1 'Shareware' (2)
- 6.5.2 'Malware' (2)
- 6.5.3 'Adware' (2)

[21]

VRAAG 7

- 7.1 Richie benodig 'n besigheidsplan op 'n woordverwerker vir sy bank.
- 7.1.1 Noem TWEE stappe wat hy moet neem voordat hy 'n outomatiese inhoudsopgawe sal kan maak. (2)
- 7.1.2 Wat beteken die term teksomvouing. (1)
- 7.1.3 Gee TWEE redes waarom dit goeie praktyk sou wees om altyd die "Print Preview" opsie te gebruik voordat jy die dokument druk. (2)
- 7.1.4 Richie sou graag die sleutelwoorde in die opskrif gebruik om na spesifieke plekke in die besigheidsplan te gaan.
Watter TWEE items moet hy skeep of gebruik in die woordverwerkingsdokument om dit te kan doen? (2)
- 7.1.5 Verduidelik kortliks hoe jy sou keer dat iemand die inligting in die dokument verander. (1)
- 7.2 Richie sou graag meer wou weet oor die gebruik van sigblaaie en databasisse voor hy die sagteware aanskaf.
- 7.2.1 Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van sigblaaie in plaas van databasisse om data te stoor. (2)
- 7.2.2 Noem TWEE funksies/items in 'n databasis soos 'n tabel en verduidelik die funksie van elk. (4)
- 7.3 Richie het die volgende foutboodskappe op sy sigblad. Verduidelik aan hom wat elkeen van die volgende foutboodskappe beteken.
- 7.3.1 ##### (1)
- 7.3.2 #REF! (1)
- 7.3.3 #VALUE (1)
- 7.3.4 #NAME? (1)
- 7.4 Bestudeer die volgende databasis tabel wat informasie van Richie se kliënte stoor.

Gas	Naam van kompleks	Kontaknommer
BOTHA A	HAYDE PARK	825648695
DE WET H	HAYDE PARK	725698452

- 7.4.1 Hoekom verdwyn die nul voor die kontaknommer wanneer Richie 'n kontaknommer byvoeg? (1)
- 7.4.2 Beskryf 'n moontlike oplossing tot die vorige vraag. (1)
- 7.4.3 Noem TWEE moontlike probleme wat mag plaasvind indien die kliënt se van en voorletters in dieselfde veld geplaas word. (2)
- 7.4.4 Noem EEN rede hoekom 'n vorm sou gebruik word om data in te lees in plaas van die data direk in die databasis tabel in te tik. (1)
- 7.4.5 Verduidelik aan Richie wat die verskil is tussen 'n veld en 'n rekord in 'n databasis. (2)

[25]**TOTAAL AFDELING B: 130****GROOTTOTAAL: 150**